# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/16)*

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 14 Oktober 2016*




***"Everything is recycled in India, even dreams" Sashi Tharoor***

## INDIË – "HOT TOPIC" BY SITRUS SUMMIT MAART 2017

Indië word deur baie in die sitrusbedryf gesien as 'n land wat belofte toon vir groei in uitvoere. Diegene wat dit in die mark gewaag het, praat van die kompleksiteit en uitdagings. Een van die groot verskille in vergelyking met die tradisionele markte in Europa, is die verspreidingskanale. Die oorgrote meerderheid van die vars produkte wat in Indië verkoop word, gaan deur wat bekend staan as "tradisionele kleinhandelaars" - in Suid-Afrika kan dit met smouse vergelyk word. Maar selfs binne die tradisionele handelaarskategorie is daar 'n aantal formate. Om Suider-Afrika se sitrusbedryf te help om die kompleksiteit van die Indiese mark te verstaan, gaan Parth Karvat van die YUPAA groep een van die "keynotes" by die CGA Sitrus Summit (moontlik gemaak deur  Standard Bank) in Maart 2017 aanbied. Parth het baie gereis in sy soeke na vrugte vir sy maatskappy in Indië - hy het 'n groot insig en begrip van die Indiese mark ten spyte van sy jong ouderdom. Yupaa was die eerste maatskappy wat Suid-Afrikaanse sitrus sedert 2000 ingevoer het.

Mohammad Karaan word deur baie beskryf as die doyen van landbou in Suid-Afrika. As deel van die Nasionale Beplanningskommissie was Mohammad een van die argitekte van die Nasionale Ontwikkelingsplan, veral die gedeeltes wat handel oor landbou. Hy sal 'n "keynote" wat fokus op die politieke omgewing en hoe dit 'n impak op landbou het, lewer.

**Registreer vir die CGA Sitrus Summit op www: cga.co.za. Alle belanghebbendes in die Suider-Afrikaanse sitrusbedryf word aangemoedig om dit by te woon.**

## MINISTER KEUR DIE SITRUSHEFFING GOED WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD

Op 8 September 2016 het Minister Zokwana die statutêre maatreëls wat die CGA versoek het, goedgekeur. Hierdie maatreëls sluit registrasie, indiening van rekords en opgawes en betaling van 'n heffing in. Hierdie maatreëls sal in Desember 2016 in die Staatskoerant gepubliseer word en sal vanaf 1 Januarie 2017 in werking tree. Die heffing per 15kg karton sal 68 sent (BTW uitgesluit) in 2017 wees; 70 sent per 15kg karton in 2018; 72 sent in 2019 en 74 sent in 2020. Soos in die verlede sal die heffing hoofsaaklik gebruik word om navorsing en marktoegang vir Suider-Afrika se sitrusbedryf te finansier. Die nuwe heffing sluit bykomende fondse in om die "CGA Grower Development Company" te befonds ten einde betekenisvolle transformasie te dryf; 'n fokus op die versekering van verbruikers (veral omgewingsbestuur); bykomende fokus op mark intelligensie, en werk op vrugkwaliteit en die koue ketting.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Die laaste CMF vir 2016 sal om 10h00 op 26 Oktober 2016 by Canal Walk Auditorium, Canal Walk Shopping Centre, Kaapstad gehou word. Die agenda sluit inligting (verskeep en wat gepak is), markterugvoer (insluitend die jongste nuus vanaf die EU), marktoegang en logistiek in.

## 2017 REGISTRASIES

Produsente word daaraan herinner om hul fitosanitêre registrasies vir 2017 voor 28 Oktober te voltooi - DAFF gaan nie laat registrasies toe laat nie.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 30/9/16 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skattinge | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 15.6 m | 16.1 m | 13.8 m | 14.7 m | 13.2 m | 12.4 m | 13.8 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 9.9 m | 10 m | 12.1 m | 9.2 m | 11.3 m | 11.2 m | 12.1 m | 10 m |
| Suurlemoene | 13.2 m | 14.9 m | 15 m | 14.5 m | 14.6 m | 16.1 m | 15.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 26 m | 24.5 m | 26.2 m | 23.2 m | 25.5 m | 25.1 m | 26.2 m | 24.5 m |
| Valencias | 50.1 m | 52.2 m | 41.1 m | 45.2 m | 39.4 m | 46.4 m | 41.9 m | 52.7 m |
| Totaal | 114.8 m | 117.7 m | 108.2 m | 105.8 m | 104 m | 111.2 m | 109.1 m | 118.4 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**